Ark Blitz

Liewe Ouers

Die afgelope 2 kwartale het ons van 4 leiers geleer wat gekies het om die Here te dien, soms ten spyte van omstandighede het hulle ’n definitiewe keuse gemaak. In die volgende 2 lesse behandel ons die mooiste liefdesverhaal in die Bybel.

Les 25 – RUT DOEN ’N KEUSE

Maats lees: Rut 1

Net soos wat sommige gesinne moet trek omdat Pa of Ma ’n beter of nuwe werk het, moes Naomi en haar gesin na ’n ander land toe trek. Daar was droogte in haar geboorteland. Mense het nie genoeg kos gehad om te eet nie en daarom baie swaar gekry. Haar hele gesin het toe na Moab toe getrek, met die hoop dat dit met hulle beter sou gaan. Maar na ’n paar jaar het die ongeluk hulle sleg getref. Eers het haar man gesterf. Haar twee seuns wat saam met haar agtergebly het, het met twee Moabitiese vrouens, Rut en Orpa getrou. Maar nadat hulle tien jaar reeds in Moab gebly het, is albei haar seuns ook dood. Naomi bly toe in die vreemde land oor sonder haar man en seuns, met slegs haar twee skoondogters by haar. Op ’n dag kry sy darem weer ’n stukkie goeie nuus. Die Here het vir sy volk ’n uitkoms gebring deur vir die land se mense ’n goeie oes te gee en daarom was daar weer meer as genoeg kos vir almal. Naomi kon nie wag om weer terug te keer na Betlehem, haar geboorteland nie. Sy en haar twee skoondogters het alles gepak en die reis begin terug na Naomi se geboorteland toe. In vers 8 neem hierdie verhaal ’n nuwe draai. Naomi besef dat sy nie eintlik haar skoondogters saam met haar kan neem nie. Sy sal nie vir hulle kan bied wat die lewe in hulle eie land vir hulle ingehou het nie. Sy stuur hulle toe terug na Moab, na hulle ouerhuise toe met ’n seëngroet. Maar toe sy hulle wil groet, huil hulle en weier hulle om terug te gaan. Naomi verduidelik toe weer aan hulle die onmoontlikheid van die situasie. Sy kan nie vir hulle die lewe bied wat hulle verdien met ’n man en kinders nie. Vir haar is dit so erg om van hulle afskeid te neem en te gesels oor die moeilike pad waarop hulle is, dat sy selfs vir hulle sê dat God teen haar gedraai het. Orpa het dit ingesien en Naomi huilend gegroet voor sy terug is Moab toe. Maar Rut het steeds bly vasstaan. Sy het vir Naomi gesê: “… **want waar u gaan, sal ek gaan, waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf sal ek sterf en daar sal ek begrawe word**” (v 16b-17). Rut het gekies om by Naomi te bly ongeag haar omstandighede. In ’n tyd waar Naomi gesê het dat die Here teen haar gedraai het, kies Rut om met haar hele lewe op die Here te vertrou. Die pad na Betlehem sou nie vir Naomi ’n eensame pad terug wees nie. Al het sy haar man en seuns in die vreemde verloor, het die Here haar geseën met ’n skoondogter wat deur dik en dun by haar gebly het. Toe Naomi en Rut by Betlehem kom, kon ’n mens sien dat Naomi baie geliefd was. Die feit dat sy vir jare weg was, het nie gekeer dat haar terugkeer ’n groot opgewondenheid veroorsaak het nie. Maar Naomi se hart was alles behalwe opgewonde. Sy was hartseer. Vir haar het dit gevoel of sy bykans alles verloor het daar in die vreemde. Sy het vir die vroue in Betlehem gesê hulle moet haar sommer net Mara noem, en nie Naomi nie. Mara beteken bitter – want die Here het haar lewe bitter gemaak. Maar ten spyte van al die rampe en krisisse wat Naomi beleef het, staan daar nog steeds iemand by haar: Rut, wat deur alles besluit het om by haar te bly.





Hierdie 12 rooi lyne stel Israel voor. Geen Moabiet mag deel van Israel (die rooi lyne) geword het nie.